# KLIPKERK LICHTENBURG


## *Wêreldfokus Nuusbrief*

### *Maart / April 2025*



# KLIPKERK Wêreldfokus 2025

## Het God jou nodig?



*Dankie, Jesus dat U gekom het vir hierdie wêreld, dat ons deel daarvan kan wees.*

*U kom staan vandag voor elkeen van ons en U sê: "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook." Amen.*

Wat is die hoofdoel van God se Kerk?

Die hoofdoel van God se kerk is 'n opdrag wat God vir ons gegee het. Hy het een bevel gegee, een groot bevel. En dit is: "Ons moet die Here ons God liefhê met alles wat in ons is en die persoon langs ons, soos onsself." En dan het Hy 'n opdrag gegee. En die opdrag is: Vat mense saam hemel toe. Dis al. Dis die hoofdoel van die Kerk. Die hoofdoel van God se Kerk is om dissipels te maak en mense saam te vat hemel toe.

En nou is my vraag aan jou vanoggend: Het God jou nodig? Alles is mos moontlik vir Hom. Het God ons nodig? Tog sê Hy: "Die oes is groot en die arbeiders min. Bid dan die Here van die oes om arbeiders te stuur sodat die werk gedoen kan word." (Luk 10:2)

"Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook. Ontvang die Heilige Gees. (Joh 20:19-22) Gaan dan na al die nasies toe. (Matt 28)" Dis so eenvoudig soos dit. Dis die Groot Opdrag.

Dis nie 'n droom of wens wat Jesus gehad het nie, dis 'n opdrag. Die direkte opdrag is: "Gaan maak dissipels."

'n Dissipel is iemand wat in Jesus glo. Glo jy in Jesus? Glo jy in Sy kruisiging? Glo jy in Sy opstanding? Glo jy in Sy hemelvaart? Glo jy in die Bybel? Glo jy in Sy opdrag?

Hy het Sy opdrag gegee, maar nie sonder gereedskap nie. Hy het die Heilige Gees gegee. Die Heilige Gees is krag wat in jou is en sal tot uiting kom as jy bereid is om die eerste treë te gee.

Vir wie is hierdie opdrag? Dis vir elkeen wat bely, ek glo in Jesus Christus.

Hoekom word ons gestuur?

Ons word eerstens gestuur om Christus te verheerlik. Jesus het gesê: "U het My gestuur, sodat Ek U kan verheerlik. Nou stuur Ek julle sodat julle My kan verheerlik." (Joh 17) Jy word gestuur om Christus te verheerlik.

Maar jy word ook gestuur omdat jy die beste nuus ooit het. God sê: "Ek wil nie hê iemand moet verlore gaan nie." (1 Tim 2:4) Hy wil hê dat elke een gered moet word.

Dit was 'n opdrag wat die geskiedenis verander het. En die opdrag is nie voltooi voordat almal gehoor het nie.

Drie probleme hoekom die taak nog nie uitgevoer is nie:
41% Christene wat nie van die opdrag weet nie. En die boodskap word verkeerd verstaan in die wêreld. Mense dink dis net sekere mense in die kerk wat die dissipel opdrag moet doen. Nee, die opdrag is vir almal.

En dan derdens, die Kerk is bloot ongehoorsaam. Ongehoorsaam om mense se hande te vat en saam te vat hemel toe. Een van die grootste krisisse in die Kerk vandag is dissipelskap.

## *Het God jou nodig? - vervolg*

Omdat ons nie mense het wat ons dissipel, wat ons leer, ondersteun en versterk nie, bly baie mense geestelike babas.

Die vraag is, hoekom leef ons nie so nie? Ons weet nie hoe nie. Ons is nie geleer om dissipelmaking te doen nie.

Hoe lyk die wêreld vandag? Die wêreld is in vlamme, verwoestend, en geestelik siek, dood. Oor die 3 biljoen mense, 41% van die bevolking, weet nie dat daar 'n Verlosser, Jesus Christus is wat gekom het om te soek en te red die wat verlore is nie.

Sien jy wat God sien? Hy sien elke gesig, Hy sien verlorenes raak. (2 Kron 16:9) In die onbereikte mensegroepe in die wêreld is daar minder as 2% Christene. Dis hoe ons wêreld lyk. En Jesus sê: "Ek het vir hulle gekom, Ek het my lewe vir hulle neergelê. Ek het 'n offer vir hulle gebring."

En namens Jesus pleit ek by julle om gehoorsaam te wees, gemeente in Lichtenburg. Dis my begeerte dat jy sal wakker word en dat jy sal sê: Hier is ek, ek is beskikbaar. En as God jou nie self stuur nie, dan maak jy seker dat jy ander stuur.

Hoe kan jy gehoorsaam wees? Is jy bereid?

Rom 10 sê: "Maar hoe kan 'n mens Hom aanroep as jy nie in Hom glo nie? En hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie? En hoe kan jy van Hom hoor sonder iemand wat preek?"

Op 'n manier kan jy iewers betrokke wees. Maar die vraag is, is jy bereid? Na wie toe stuur die Here jou? Na jou gesin, familie, vriende, kollegas, omgewing. God stuur jou na mense wie jy raakloop. Maar God stuur jou ook na ander mense, ander lande.

Het God jou nodig? Nee. Hy kies jou.

"Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek jou ook."




*Dankie aan elke sendeling wat oor die jare gehoorsaam was en is en gegaan het, ver en naby.*

*Dankie aan julle wat dit vir hulle moontlik gemaak het om te gaan en en steeds doen.*



# *Welkom, Sarah!*



Klipkerk Wêreldfokus verwelkom Sarah Innes van *Fire & Fragrance* as deel van die 2025 sendingspan.

Sarah getuig:

My Storie: ’n Paar jaar gelede het God my geroep om ’n sendeling te wees - om te gaan na moeilike en donker plekke. Nadat ek by *Fire & Fragrance SA* aangesluit het, het God my gelei om Bybel Opleiding en leierskapopleiding te doen waarna ek spanne op uitreike na verskillende nasies gelei het. Met tyd het ek beleef hoe God op vreemde maniere werk - hoe mense gered, genees en bevry is. Van die *villages* in Afrika tot die dorpe in Suid-Afrika is God teenwoordig en ek glo Hy stuur my om ten volle hier betrokke te wees.

Die Visie: Ek glo dat herlewing in Suid-Afrika gaan uitbreek en die oes in Potchefstroom gereed is. God het my gewys hoe Hy my wil gebruik om jong mense te bemagtig om hul roeping te leef. Ons glo dat ’n sendingbeweging vanuit Potchefstroom gaan kom wat die nasies van die wêreld se verskillende samelewings bereik.

Sarah skryf die volgende na een van hulle uitreike gedurende Maart:

*The first week of March, we had an entire week of outreach in our own city, Potchefstroom. We planned to reach the High Schools in the morning, do evangelism during the afternoons to reach the city, and gather the University students at night. This was all to lead up to a Jesus Night (a night of worship, testimonies, and activation) on the Thursday night. What was significant about this week, as well as the Jesus Night, is that we started our morning prayer sets in the old Bourbons building (the old night club) and hosted the Jesus Night, where over 700 people gathered in that building. What would have been a place where students drank, partied, and threw away their lives a year ago, we were gathering to pray, worship, and preach.*

*Mag die Here jou wonderlik gebruik en seën, Sarah*






*Sarah se kontak besonderhede:*
*miss.s.a.innes@gmail.com*
*(+27) 83 458 0031*

# Coligny Tentdiens









# Bid asseblief saam

Volhard asb saam in gebed vir Marlee Volschenk. Sy is steeds onder behandeling vir leukemia. Bid dat 'n beenmurg oorplanting spoedig en suksesvol sal realiseer.

*Here, ons tree in vir Marlee. Omvou haar met U*
*genade en liefde, U heilige Teenwoordigheid.*
*Versterk haar brose, siek liggaam en as dit U wil is,*
*genees haar asseblief.*
*Wees ook met 'Dries en die kinders.*
*Ons pleit dit in die Naam van Jesus Christus.*
*Amen*





https://www.backabuddy.co.za/campaign/mission-for-marlee-a-journey-to-healing?

*"Let us not glide through this world and then slip quietly into heaven, without having blown the trumpet loud and long for our Redeemer, Jesus Christ. Let us see to it that the devil will hold a thanksgiving service in hell, when he gets the news of our departure from the field of battle."*

*~ C.T. Studd*